SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS SONDAG 22 JANUARIE 2017

Goeie môre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels uit om 08:15 en 08:30 plaaslike tyd onderskeidelik op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur ZS0JPL.

'n Oudio opname sowel as 'n teks weergawe kan van die Liga se webblad, www.sarl.org.za,afgelaai word, en jy kan ook daar inteken om nuwe bulletins per e-pos te ontvang.

IN VANDAG SE NUUS

DINEE EN TOEKENINGS GELEENTHEID: DATUM EN PLEK AANGEKONDIG

NUWE OKOSA FOOI STRUKTURE

BHF NUUS

RAE NUUS

EN

WEDSTRYD NUUS

Bly ingeskakel vir meer hieroor asook ander interesante nuusitems

** Tydens die Raads vergadering van 17 Januarie 2017 het die Raad besluit dat die 2017 SARL AJV en Toekennings dinee op Saterdag 6 Mei 2017 gehou sal word by die Bergvallei Landgoed aan die Wes-Rand. Meer besonderhede om te volg.

** In terme van Reël 11.3 van die Grondwet en Reëls van die Liga, word 'n oproep op lede gedoen om mosies vir bespreking tydens die 2017 Algemene Jaar vergadering voor te lê. Mosies moet duidelik en bondig wees, dit moet 'n motivering in sluit en vereis 'n voorsteller en 'n sekondant.

** In terme van Reël 16.9 van die Grondwet en Reëls van die Liga, word 'n oproep op lede gemaak vir nominasies om te dien op die Raad van die Liga. Vier van die huidige Raadslede sal uit tree tydens die 2017 Algemene Jaar vergadering, hulle kan herkies word as hulle genomineer en gesekondeer word.

Die volgende Raadslede het aangedui dat hulle gaan uit tree, maar is beskikbaar vir herverkiesing - Rassie Erasmus, ZS1YT Geoff Levey, ZS6C Nico van Rensburg, ZS6QL Shane Bailey, ZS6ZSB

Etienne Naude, ZS6EFN, wat deur die Raad aangestel is as die Liga sekretaris, het aangedui dat hy uit tree, maar het nog nie besluit of hy verkiesbaar sal wees nie.

Die vereistes is 'n nominasie vorm met 10 sekondante wat almal lede van die Liga is of deur 'n Klub waarvan ten minste 10 lede ook lede van die Liga is dit onder teken. Die sluitingsdatum vir nominasies en indiening van mosies is voor of op Dinsdag 31 Januarie 2017 en moet aan die Liga-sekretaris gestuur word by secretary@sarl.org.za of per faks na 086 552 8487. Vir meer inligting, verwys asseblief na die Liga se Grondwet en Reëls wat beskikbaar is op www.sarl.org.za.

** Lede en Klubs word genooi om nominasies in te dien vir die volgende Suid-Afrikaanse Radioliga toekennings. Stuur jou nominasies met 'n motivering aan die Liga-sekretaris by secretary@sarl.org.za voor of op Dinsdag 31 Januarie 2017.

Die toekennings is Lewens lange Ere lidmaatskap; die Willie Wilson Goue Wapen; die Jack Twine toekenning; die Arthur Hemsley Twee meter Trofee; die Barney Joel Trofee; die Icom Uitmuntenheids toekenning; die Joseph White gedenkplaat; die Bert Buckley Ses Meter trofee; die Radio ZS Vier Meter Wissel trofee; die SAATI toekenning en die Tinus Lange 7066 Tegniese Uitmuntenheids-toekenning. Die relevante inligting oor elke toekenning kan gevind word in die SARL Kommunikasie e-pos gedateer 11 Desember 2016 wat aan alle lede gestuur is.

** Die Redakteur van Radio ZS versoek lede om hom by te staan in die toekenning van twee van die Radio ZS toekennings vir die 12 uitgawes van die 2016-reeks van die tydskrif.

Die eerste is die Gary Immelman RA Erfenis Toekenning Wissel trofee vir die beste artikel van 'n historiese aard wat 'n gebeurtenis wat meer as vyf jaar van tevore plaas gevind het beskryf of 'n interessante persoonlikheid wat 'n belangrike rol gespeel het in die ontwikkeling van AmateurRadio in jare wat verby is.

Die tweede is die JJ Pienaar-trofee vir die beste artikel gepubliseer in Radio ZS tydens 2016. E-pos jou voorstelle oor wie waardige ontvangers sou wees aan radiozs@sarl.org.za teen Dinsdag 31 Januarie 2017.

** OKOSA het die nuwe fooi struktuur vir AmateurRadio lisensies aangekondig. Die gelde vir 2017 sal in werking tree vanaf 1 April 2017 en is soos volg:

1 jaar lisensie R134.00 2 jaar lisensie R256.00 3 jaar lisensie R367.00 4 jaar lisensie R468.00 5 jaar lisensie R559.00

Neem asseblief kennis dat 'n lisensie wat nie teen 1 April 2017 hernu is nie sal verval en die lisensie houer moet weer aansoek doen vir 'n nuwe lisensie en dit sal onderwerp word aan ekstra koste. Geen fooie sal na 1 April 2017 aanvaar word nie.

OKOSA het aanbeveel dat Amateurradio lisensie houers vir 'n 5 jaar lisensie aansoek doen. Dit is gelyk staande aan 'n huidige besparing van R111.00. Jy sal ook die jaarlikse eskalasie vryspring.

Jy moet skriftelik aansoek doen met vermelding van die lisensie waarvoor jy aansoek wil doen. Dit moet vermeld word in die opskrif van die betrokke e-pos

aan OKOSA. Byvoorbeeld, die vereiste aantal jare lisensie, jou sewe syfer lisensie nommer en roepsein (bv 5 jaar betaling, lisensie nommer 544-165-1, ZS6ZU). As jy nie vir OKOSA van die vereiste tydperk van lisensie in kennis stel nie, sal jy 'n een jaar lisensie ontvang, ongeag die bedrag betaal.

Vir almal wat reeds betaal het volgens die 2016 fooi struktuur, die uitstaande gelde moet voor die 1 April 2017 aan OKOSA oor betaal word, anders sal jou lisensie verval. As jou Van tussen A tot K is, moet jy jou betalings advies aan mnr Kenneth Kgwedi per e-pos stuur by KKgwedi@icasa.org.za As jou Van tussen L tot Z is, moet jy jou betalings advies aan mnr Pieter Jansen per e-pos stuur by PJansen@icasa.org.za

Alle Amateurradio lisensie gelde moet direk aan OKOSA en nie aan die SARL betaal word nie.

** Die SARL se Amateurradio ere gallery eer individue wat blywende bydraes tot Amateurradio in Suider-Afrika gemaak het, en bewaar die geskiedenis daarvan.

SARL-lede het verlede jaar nege aanvanklike lede verkies. Daar is besluit om hierdie jaar nog 'n groep van tot tien lede toe te laat, waarna 'n maksimum van twee lede per jaar ingelaat sal word.

Nominasies vir hierdie jaar is nou oop. Die Ere gallery bladsy is deur die SARL se Tuisblad bereikbaar. Die nominasie bladsy bevat reeds vier nominasies.

'n Paar van AmateurRadio se groot geeste het dit nie in die eerste rondte gemaak nie, in sommige gevalle omdat hulle nie genomineer is nie. Kom ons maak seker dat die verdienstelikes almal ingesluit word, sodat hulle bydraes vir die nageslag bewaar kan word.

Nominasies sluit oor omtrent ses weke, aan die einde van Februarie. 'n Nominasie sjabloon is op die Webwerf beskikbaar. Die nominasies wat reeds daar is kan as 'n voorbeeld vir nuwe nominasies dien.

** Suid-Afrikaanse Radioliga Somer QRP Kompetisie. Die QRP kompetisie is bedoel om pret aktiwiteite te wees en QRP werking tussen radio amateurs te bevorder. Die gebruik van self geboude toerusting of as 'n draagbare/veldstasie en die gebruik van tydelike antennas word aangemoedig, maar is nie 'n vereiste nie. Die Somer kompetisie loop van 12:00 tot 15:00 UTC op Saterdag 28 Januarie 2017 met aktiwiteit op ESB en gelykgolf met 5 watt (PEP) uitset of minder. Die eerste uur is beperk tot slegs die 40 m-band, die oorblywende twee uur is deelnemers is vry om enige HF (nie-WARC) bande te gebruik soos hulle goed dink. Voldoen aan die kompetisie segmente, soos uiteengesit in die Algemene Reëls. Dit sal voordelig wees om die standaard QRP roep frekwensies te gebruik as''n begin punt. Die uitruiling is 'n RS of RST verslag en jou ruit verwysing. Sien die 2017 Blou boek vir meer besonderhede!

** Die sluitingsdatum vir jou artikel vir die Februarie 2017-uitgawe van Radio ZS is Woensdag 25 Januarie en kan aan radiozs@sarl.org.za gestuur word. Artikels kan in MS Word of Open Office ingedien word.

** Die Hammies ARK bied weer die klas B RAE kursus aan vanaf 28 Januarie. As jy weet van enige jongelinge wat belangstel in Elektronika en in AmateurRadio kontak dan asb vir Noel, ZR6DX, via epos by zr6dx@iafrica.com of Graham, ZS6GL, op 083 442 7777. Die kursus is oop vir almal tussen 10 en 16 jaar.

** In die Wes Kaap sal die Oakdale Ontspannings klub, in Bloemhof str, Oakdale, Bellville, die ligging wees waar die R.A.E. klasse aangebied sal word, Dit begin om 18:30 op 31 Januarie 2017 en Karl, ZS1KC, sal die persoon in beheer wees. Hy wag vir jou voor die radio kamer.

Build-A-Thon 2017. Na aanleiding van die groot sukses van die WSPR Baken Build-A-Thon 2016, is die eerste Baken Build-A-Thon vir 2017 beplan vir Saterdag 4 of 11 Maart 2017 by die Nasionale Amateur Radio Sentrum. Ons sal die dag begin met 'n paar kort aanbiedings deur vorige bouers wat trots uit hul soldeer vaardighede vertoon of terug voer gee oor hoe hulle werk hul bakens. Om te deel in die pret, luister na die bulletin of kontak Leon Uys, ZR6LU, by leonuys@gmail.com vir meer inligting nader aan die tyd.

** Die PEARS BHF/UHF kompetisie is reeds sedert Vrydagaand aktief. Dit eindig vanmiddag om 14:00 SAT. Val nou in en maak nog punte bymekaar tot en met sluitings tyd vanmiddag. Wees gerus ook op die uitkyk vir Sporadiese E openinge vanuit die Noorde later vandag. Konsentreer spesifiek op die bakens van V51PJ op 50,300 MHz CW in Rosh Pinah, Namibia, of ZSJON/b op 50,050 MHz in Krugersdorp en ZS5TWB/b op 50,044 MHz in Polokwane.

** Pieter Jacobs, V51PJ, berig dat Marcus Turbo, PY1MHZ, vanaf sy strand tuiste in Rio de Janeiro sal aktief wees vanaf 20 Januarie. Hulle sal dan ook op hierdie datum hul trans-Atlantiese toetse hervat. Hy het sy Yagi herbou en dit bied nou nog minder wind weerstand. Tans geniet hulle die digitale modusse en toets hulle verskeie antennae opstellings. Hulle het ook 'n BHF groep in Brasilië begin en daar is reeds meer as 200 lede in hierdie groep. Intussen word die een na die ander BHF digitale en ESB rekords gebreek deur die deelnemers. Daar word ook nou oor geskakel na horisontale polarisasie. Die BHF groep is baie aktief en soek naarstigtelik na kontakte in V5 en ZS.

** Neem asb kennis dat die Oos Rand Radio klub hul flooimark sal hou op Saterdag 4 Februarie by hul klub huis te Ebenezer Weg, Arrow Park Benoni. Kom verkoop jou ongebruikte toerusting. Tafels te huur en daar sal verversings ook beskikbaar wees. Kom proe ons bekende boereworsrolle en geniet iets te drinke vanuit die 675 water gat. Ontmoet ou vriende by hierdie pret sosiale gebeurtenis. Kom kyk en koop na hartelus, sien jou daar!

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag gaan wees. Die twee sigbare sonvlekke is tans stabiel met bykans geen kans vir ernstige sonfakkels nie.

Diegene wat hulle eie frekwensie voorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van ongeveer 10 vir die week gebruik.

Amateurs kan goeie openinge op die 15 tot 30m bande verwag.

Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Dagboek van Gebeure

25 Januarie - Sluitingsdatum vir artikels vir die Februarie Radio ZS 28 Januarie - Somer QRP Naelloop 31 Januarie - Sluitingsdatum vir AJV mosies, nominasies vir die Raad en SARL-toekennings en Radio ZS toekennings; Die sluitingsdatum vir voorstelle vir referate vir die AMSAT SA Konferensie 4 Februarie - Oos-Rand Tak Vlooimark 5 Februarie - AWA Gelykgolf aktiwiteit 11 Februarie - sluitingsdatum vir die SDR Werkswinkel registrasie 11-12 Februarie - SARL Nasionale Velddag 18 Februarie - SDR Werkswinkel en SARL Jeug lopie

And that brings us to the end of this rather lengthy bulletin

** Die Suid-Afrikaanse Radio liga se nuus diens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radio liga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum vooraf gaan nie.

Luister elke Sondag oggend om 10:00 plaaslike tyd na "Amateur Radio Today". Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband, 7 205 en 17 660 kHz AM en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Audio opname deur Dick, ZS6RO, is ook beskikbaar. 'n Heruitsending vind op Maandae om 18:30 plaaslike tyd op 4 685 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za.Sentechborg die uitsendings op die nie-amateur frekwensies.

Jy het geluister na 'n nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radio liga, saam gestel deur Dawie Conradie, ZR6DHC, geredigeer deur Viv Dold, ZS6VD, en gelees deur ……..

Die Afrikaanse nuus span groet nou en wens jou 'n mooi week toe. Totsiens

/EX